

**DIE BURGEMEESTER, RAADSLID T VAN ESSEN, SE VOORLEGGING VAN DIE DERDE  
HERSIENING VAN DIE 2007-2011 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN  
(DIE 2010/2011 JAARPLAN) AAN DIE RAAD OP 27 MEI 2010**

Mnr die Speaker, Raadslede, munisipale amptenare en lede van die publiek, dit is my voorreg as Uitvoerende Burgemeester van Swartland Munisipaliteit om die 2010/2011 GOP Jaarplan by hierdie vergadering voor te lê. Die dokument voor u is die derde hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan wat in Mei 2007 deur hierdie Raad goedgekeur is vir die vyf jaar periode 2007 tot 2011. Die betrokke Jaarplan is van toepassing op die 2010/2011 finansiële jaar.

Voordat ek die Jaarplan vir goedkeuring aanbeveel, wil ek kortliks 'n paar belangrike punte onder u aandag bring.

Die GOP is oppad na sy 3de generasie (2012-2016). Die verloop sedert 2002 was as volg:

***1ste generasie (2002-2006)***

Hierdie generasie was die bekendstelling van GOP's - baie tyd is gewy aan opleiding en die skepping van stelsels en strukture om die GOP te bestuur. Die 1ste generasie GOP het ongelukkig onrealistiese verwagtinge by die gemeenskap geskep as gevolg van die wyse waarop dit hanteer is. Daar is ook gesukkel om die prosesse van die GOP, begroting, sektorale planne en strategiese beplanning te integreer.

## ***2de generasie (2007-2011)***

Met hierdie generasie is gepoog om meer geloofwaardige GOP's te ontwikkel. Die volgende het in hierdie tydperk verander:

- Vestig die GOP as die 'plan van regering as 'n geheel'
- Sterker langtermyn strategie
- Beter deelname op wyksvlak
- Sektor Departement deelname (insluitende die LGMTEC proses)
- Verbeter die GOP-begroting skakel

## ***Huidige hersiening (2010) en 3de generasie (2012-2016)***

Alhoewel 'n hersiening, begin hierdie Jaarplan ook om die weg te baan vir die 3de generasie GOP.

In lyn met wat verwag word van 3de generasie GOP's, is die volgende belangrike veranderinge in hierdie GOP Jaarplan aangebring:

1. 'n Beweging weg van korttermyn wenslyste en die skep van onrealistiese verwagtinge na 'n duidelike langtermyn strategie vir die organisasie.

Die dokument beskryf in detail die situasie waarin die Munisipaliteit tans verkeer en die mees kritieke kwessies wat dit in die gesig staar. Dit begin ook om 'n langtermyn strategie te ontwikkel wat die Munisipaliteit na verwagting op 'n lewensvatbare en volhoubare pad sal plaas.

Ons moet hierdie situasie en kritieke kwessies in uiters duidelike terme aan ons gemeenskap kommunikeer sodat daar geen twyfel kan bestaan oor waartoe die Munisipaliteit finansieel en andersins in staat is nie asook wat die prioriteite is waarop begrotings oor die volgende aantal jare bestee gaan word.

Daar is egter nog heelwat onbeantwoorde vrae in hierdie verband en my voorstel aan die Raad en Bestuur is dat die langtermyn strategie oor die volgende 12 maande gefinaliseer word in oorleg met belanghebbendes en rolspelers beide intern en ekstern tot ons organisasie.

2. 'n Beweging weg van publieke deelname ter nakoming van die wet na 'n situasie waar gemeenskappe medeverantwoordelikheid aanvaar vir die sukses van die GOP.

Ingevolge artikel 2 van die Munisipale Stelselwet (Wet 32 van 2000) bestaan 'n munisipaliteit uit -

- die politieke strukture en administrasie van die munisipaliteit; en
- die gemeenskap van die munisipaliteit.

Dit is duidelik daar in terme van die wet nie 'n *“ons en hulle”* bestaan nie. Dit is 'n uitgediende siening en mentaliteit wat ons nou vir eens en vir altyd agter ons moet sit. Die politieke strukture, die administrasie en die gemeenskap se energie en hulpbronne moet gesamentlik aangewend word om die inisiatiewe van die GOP te laat realiseer.

3. Daar is begin met die ontwikkeling van wyksplanne wat onder andere die volgende inligting oor elke wyk bevat:

- 'n Sosio-ekonomiese profiel;
- sosio-ekonomiese inligting ten opsigte van die landelike gebied soos verkry uit die 2008 landelike dienste-opname;
- dienste-agterstande;
- 'n beskrywing van die sterkpunte / geleenthede, swakpunte / bedreigings, sleutel doelwitte en belangrikste prioriteite;
- 'n aksieplan vir die aanspreek van hierdie prioriteite (wie wat wanneer moet doen en watter fondse beskikbaar is); en
- die munisipale begroting van toepassing op die wyk.

Wyksplanne help om te verseker dat die GOP meer doelgerig en relevant is met betrekking tot die prioriteite van alle groepe, insluitende die mees kwesbare. Wyksplanne voorsien wykskomitees van 'n sistematiese beplanning- en implementeringsinstrument wat hulle kan help om hulle rol en verantwoordelikhede meer effektief uit te voer. Wyksplanne behoort dus deurlopend deur wykskomitees gebruik te word om GOP en begrotingsinisiatiewe te verstaan en te monitor.

Die 10 wyksplanne wat aanhangsels tot die GOP Jaarplan vorm moet as 'n integrale deel van hierdie plan beskou word. Die meer detail inligting sal in die wyksplanne vervat word en die meer strategiese inligting in die GOP.

In die toekoms sal wyksplanne die basis van dialoog vorm tussen die Munisipaliteit se administrasie en die wykskomitees aangaande GOP en begrotingskwessies.

4. Die belangrikheid van vennootskappe tussen plaaslike leierskap en deskundiges om gesamentlik op die ontwikkelingsrealiteite te reageer en om 'n strategie vir die toekoms daar te stel word beklemtoon. Watookal die strategiese pad vorentoe vir die Munisipaliteit is, dit sal 'n vennootskapspad moet wees. Munisipaliteite kan eenvoudig nie meer op hulle eie die geweldige uitdagings suksesvol aanspreek nie.

Ander veranderinge en byvoegings in die GOP Jaarplan is -

- 2010 bevolkingsprojeksies
- 'n Meer volledige beskrywing van die nasionale en provinsiale beleid en direkteure en hoe dit Swartland raak;
- die kliëntediensopname se resultate;
- 'n volledige beskrywing van die uitdagings wat die Munisipaliteit in die gesig staar;
- 'n uiteensetting van die geskatte 20 jaar kapitaalbehoefte van die Munisipaliteit;
- die “turn around strategy” vir plaaslike regering;
- substansiële wysigings aan die KPI's en teikens; en
- die koppeling van risiko's aan elke KPI en teiken.

Die Jaarplan wat ek vandag ter tafel lê bestaan uit nege hoofstukke:

- Hoofstuk 1 (Inleiding) gee 'n oorsig oor die proses, die doel van die dokument en die verhouding tussen die GOP, begroting, prestasiebestuur en risikobestuur.
- Hoofstuk 2 (Institusioneel) handel met die Artikel 53 roluitklaring en die administrasie.
- Hoofstuk 3 (Profiel van Swartland) verskaf belangrike demografiese en ekonomiese inligting oor die munisipale gebied.

- Hoofstuk 4 (Breë beleidsraamwerk) bespreek die millenium ontwikkelingsdoelwitte, samewerkende regering, nasionale sleutel prestasie-areas asook beleidsrigtings op nasionale, provinsiale en distriksvlak.
- Hoofstuk 5 (Analise) handel met die wyksplanne, kliëntediens opname en 'n finansiële analise.
- Hoofstuk 6 bevat die departementele behoeftes en beperkings.
- Hoofstuk 7 (Die uitdaging) beskryf die belangrikste beperkende faktore, wat die Munisipaliteit goed doen en die verwagte 20 jaar kapitaalbehoefte.
- Hoofstuk 8 beskryf die visie, missie, leierskapfilosofie en waardes; die strategiese aksies wat by die strategie werkswinkel in November 2009 ooreengekom is; die *“local government turn around strategy”*; en die Munisipaliteit se volhoubare langtermyn strategie.
- . Hoofstuk 9 (Implementering) handel met die monitering van GOP implementering. Dit breek die strategie op in strategiese doelwitte, munisipale sleutel prestasie-areas, departementele doelwitte, prestasiedoelwitte, sleutel prestasie-aanwysers, jaarteikens en risikos. Hoofstuk 9 word gebruik om die lewering van dienste aan ons gemeenskap te monitor en vorm die basis van die dienslewering- en begrotingimplementeringsplan (SDBIP) en die prestasie-ooreenkomste van direkteure en afdelingshoofde

Ek sluit af: Dit is die verantwoordelikheid van die Uitvoerende Burgemeester in terme van artikel 30 van die Munisipale Stelselwet om die opstel van die Munisipaliteit se GOP te bestuur en die konsepplan aan die Raad vir goedkeuring voor te lê.

Om die GOP doelwitte te realiseer is die gesamentlike verantwoordelikheid van die gemeenskap, wykskomitees, die besigheidsektor, nie-regeringsorganisasies, gemeenskapgebaseerde organisasies en alle ander rolspelers in Swartland. Saam moet ons die geleentheid aangryp om 'n verskil te maak in die lewens van dié wat in die grootste nood verkeer en terselfdertyd die munisipale gebied op 'n verantwoordelike en volhoubare wyse te bestuur.

Mnr die Speaker en Raadslede, met hierdie paar woorde lê ek die derde hersiening van die 2007-2011 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (die 2010/2011 Jaarplan) aan u voor vir goedkeuring.